Bergsig Boodskap

19 Februarie 2012

Sy ligdraers
NG Kerk Durbanville-Bergsig

19 Februarie 2012
EERSTE LYDENSWEEK

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
Kobus Eksteen

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
Kobus Eksteen
Kinderdiens (Saal)
Bea Pretorius

19:00 **Regeneration diens**
Ouditorium
Arno Mattheus

Deuroffer: Milange

26 Februarie 2012
Tweede Lydensweek
NAGMAAL

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
Dr. Quintus Heine
(Bybelgenootskap)

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
Dr. Quintus Heine
Kinderdiens (Saal)
Poppekas

19:00 **Regeneration diens**
Ouditorium
Dewald Cillie

Deuroffer: BADISA

Mosambiek EVANGELISASIE

Ons Mosambiek sendelinge, Kobus en Nana Eksteen, is in Suid-Afrika en Kobus preek vandag by ons kerk.

Hulle besoek elke jaar individue en omgeegroepe en is gretig om kontak te maak met ou vriende en om nuwe mense te ontmoet. Hulle vertel graag van hul bediening.

Nooi hulle gerus om hul besonderse videomateriaal oor die Milange omgewing te kom wys in omgeegroepe of nooi hulle vir 'n koppie koffie en sommer net 'n lekker gesels.

Bel vir Kobus by 084 244 4051 om 'n afspraak te reël.

Lydenstyd

ASWOENSDAG

Tydens Aswoensdag het ons **berou en doen skuldbelydenis.** Dit is deel van ons hertoewyding aan God. Oor die eeue heen is die as van die palmtakkies van die vorige jaar se Palmsondag gemeng met olyfolie en op die voorkoppe van mense as, "as-kruise" aangebring. Lees Ps 103:1-4.

Simbole en doendinge: Sit in stilte en verootmoedig jou in die teenwoordigheid van God. Bely jou sonde en besef dat God se liefde en genade groter is as jou sonde en dat God jou van alle sonde en skuldgevoelens bevry.

Lydenstyd

(Hand. 26:3)

Wanneer vier ons Lydenstyd?
Daar is sewe Lydensweke (Sondae) voor Paasfees.
Dit begin dit tal op die Sondag voor Aswoensdag.

Lydenstyd is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met ernstige, ernstige en pyn die verskeurende sterwe van Jesus verkondig, deur sy lyding in herinnering te roep en daarop te reageer in voorbereiding op die Paasfees.

Ons vier God se ingryping in die geskiedenis van die mens, waardeur Hy sy liefde en genade sigbaar gemaak het (Joh 3:16). Ons behou eensgesindheid met Christene oor al die eeue heen en daardeur bevestig ons dat God se liefde en genade van die vroegste tye af tot nou toe steeds in gelowiges se lewens sigbaar is.

Simbole en doendinge:
Kruis, Doringkroon en spykers: Herinner ons aan die kruisiging van Jesus, 'n teken van sy lyding en sterwe. Sit 'n kruis, doringkroon en spykers op 'n plek waar jy dit gedurig kan raaksien.

Vas as 'n teken van hertoewyding: Dis 'n teken/optrede dat ons bereid is om vir die evangelie op te offer. Ons kan van voedsel/vloeistowwe (brood, vleis, sjokolade, wyn) vas of van 'n gewoonte (die lees van tydskrifte, koerante, TV kyk of sekere verpligtinge).

Bepeinsing en stilte deur afsondering en gebed - Hoewel daar in hierdie tyd baie nagedink word oor God se oordeel oor die sonde is dit ook 'n tyd om ons te verwonder oor die kruisiging as dié liefdesdaad van alle tye (Rom 6).

Vanuit die Uitreike kantoor:

Bergsigprojekte op ons voordeur:

Betesda projek: vir persone met 'n gestremdheid se eerste mark vind plaas op Saterdag 25 Februarie 2012 van 8h30 tot 14h00 by die kerkkompleks. Daar sal weer eetgoed soos pannekoek, tuisgebak, boereworsrolle, koffie, tee, boeke, DVD's, CD's en nog meer teen weggeepryse te koop wees. Kom kuier saam en hoor meer van die projek. Indien u 'n skenking wil maak kontak Hans Human by 082 549 0518 of Pierre de Villiers by 083 377 7406

Boeke vir Betesda: Die projek soek boeke, CD's en DVD's wat ons by ons maandelikse mark en by die Plaasfees wil verkoop. Skakel ons gerus om die skenkings af te haal of lewer dit by die Kerksentrum af. Hans 082 549 0518 of Pierre 083 377 7406

Klereprojek: "Hoe kan ons die gemeentelede genoeg bedank vir die vrygewigheid en ondersteuning wat ons projek ontvang? Na elke aflewering is ons kaste leeg - ons weet nie hoe ons die volgende besending sal behartig nie en dan voorsien die Here. Dit is net wonderlik wat 'n getroue Vader ons het. Die sakke vol bababenodighede wat onlangs geskenk is, sal baie babas klee vir die volgende aantal maande. Die groot aantal pragtige warm kombersies is so 'n bonus. Baie, baie dankie. Ons waardeer elke item."

Jesus Can (straatmense):
Benodig teerpale 2,4m, omtrent 30m – om privaatheid te skep
1 Yskas vir mans en 1 Klein yskas vir Leë
Planke om rakke te bou
Dermatoloog wat inwonders kan konsulteer - daar kom heelwat velkwale van die strate af en dis aansteeklik
'n Dr – daar is 'n terminale pasiënt in die huis – ons sukkel om hom te laat opneem.
Die motortjie kort 'n DRINGENDE diens – kan iemand asb help hiermee. Bel Lee 0729640747 asb.

BREIPROJEK: Vergadering 7 Maart. (Ilze 072 623 1967)

Bergsig Uitreikhulp:

Ons soek dringend iemand wat vir ons maandeliks kan help met die aankope van Kraaifontein se kos. Skakel die kantoor.

Ons ondervind tans baie nood rondom gemeentlede wat behuising en werk dringend benodig. Indien julle van enige geleenthede in hierdie verband weet, bel asb. vir Annamaré

Ek soek saamry geleentheid vanaf Vierlanden tot Technopark, Stellenbosch Werksure : 8h00-16h30 Hanli 0832252967

ARMOEDE EN ONDERWYS

SOOS VERLEDE JAAR REËL ARMOEDE & SORG WEER 'N KONFERENSIE WAT KYK NA DIE SISTEMIESE OORSAKE EN OPLOSSINGS VIR ARMOEDE IN ONS LAND. VANJAAR PRAAT ONS OOR ONDERWYS.
13 en 14 Maart 2012 , Sanlam CR Louw Ouditorium, Bellville - inskrywingsvorms is beskikbaar by Annamaré.

Skakel Annamaré by 021-976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by die projekte of e-pos na maatskaplik@isales.co.za

Bergsigprojekte oor grense heen:

Gebed vir die Vervolgde Kerk – Colombia

Die FARC guerrilla-beweging beheer groot dele van Colombië. Weens die herskeppende krag van die Evangelie is hulle veral gekant teen enige pogings wat burgers tot redding lei – dan verloor hulle beheer oor die mense. Die La Macarena streek het onlangs 'n toename in geweld ervaar.

Die guerrillas verhoed evangeliste om die streek binne te gaan met items soos Bybels, Christelike lektuur en sonkrag-gedrewe radio's wat vooraf op Evangeliese programme ingestel is. Behalwe om kerke te sluit, steek hulle ook busse wat die streek probeer binnegaan, aan die brand. Ander dorpe ondervind dieselfde probleme. Enige burger wat Christelike aktiwiteite ondersteun, kan erge vervolging verwag. 'n Land in nood!

Program vir die week:

Maandag	20/2	19:00	Spesiale Kerkraadsvergadering
Dinsdag	21/2	05:45	TGIF Vroue (Saal) Spreker: **Estelle Brink**
		16:00	KIX (3jr-Gr. 4)
		19 00	Doopkategese
Woensdag	22/2	18:30	Kursus in Beradingsvaardighede
		19:00	Gebedsvuur
Donderdag	23/2	09:30	Seniors Uitstappie Houtbaai
		18:30	Orkesoefening
		19:00	Belydenis Module 6
		19:00	Laugh your way to a better Marriage
Vrydag	24/2	05:45	TGIF Manne (Saal) Spreker: **Adriaan Vlok**
Saterdag	25/2	10:00	**Gebedseminaar Gr4-6 Kamp**

Voorbidding en leiding van Gees

"Die vertrek van ds. Smit, die eerste Sondag in Mei, is al by die meeste van u bekend.

Die vul van hierdie pos is vir ons Kerkraad 'n saak van uiters hoë prioriteit. Die kerkraad het reeds in die derde en vierde kwartaal van 2011 tyd hieraan spandeer en reeds 'n voorlopige profiel saamgestel van 'n moontlike kandidaat om beroep te word. Hierdie profiel is nie gekoppel aan 'n naam nie.

Die leierskap het ook besluit om nie dadelik te beroep nie, maar eers 'n tydsverloop van ongeveer 3 maande toe te laat, voor daar tot beroeping oorgegaan word. Dit gee genoegsaam tyd om die leemtes te identifiseer wat met ds. Smit se vertrek ontstaan en te kyk hoeveel daarvan deur ons eie kapasiteit hanteer kan word. Ons sal waarskynlik op aanvraag, ook van buite-predikers gebruikmaak. **In die lig hiervan wil ons elke lidmaat uitnooi om ernstig saam met ons te bid vir die leiding van die Heilige Gees.** Saam in Sy diens – leraars en

Voorbidding

Skakel Wilna du Toit by 071 196 4191 om deel van die gebedsketting te word of e-pos na go@isales.co.za

Gebedseminaar: Voorbidding vir Johan Claassen. Bid vir die seën van die Here oor die seminaar en dat Hy ons as gemeente sal oproep om die geleentheid te ondersteun.

Gebedsvuur: Dat gebed die FONDASIE sal wees van Durbanville-Bergsig.

Gebedsversoeke vir gebedspan (Klasie en Ida van Heerden) wat nou in Thailand is:

Dat hul in gebed gefokus sal bly.
Dat hul veilig sal reis.
Dat daar 'n gevoel van eenheid binne die span sal wees.
Dat hul die Woord se beloftes suiwer sal bid oor Thailand.
Dat God hul sal gebruik as seën vir die Kerk daar.

Vir enige inligting oor die Gebedskamer of Gebedsvuur skakel gerus met Oppies by 079 108 9697.

Vir dringende gebedsversoeke skakel 071 196 4191 sodat die GEBEDSKETTING VAN BERGSIG dadelik vir jou kan bid. Sit die nommer by jou kontakte in sodat dit byderhand is.

KNIELTYD IN BERGSIG - 19 Februarie 2012

NAAM	ADRES	REDE	*BID VIR*
Loriane Nel		Terminaal	*Troos en bemoediging*
Lehanda van Dyk	Afsaal 15, 082 774 3454	Operasie	*Herstel en bemoediging*
Rene Marais	Muisvoëlstr. 21, 072 187 3307	Man oorlede	*Troos en bemoediging*
Elmarie Mostert	Muisvoëlstr. 21,	Vader oorlede	*Troos en bemoediigng*
Marinda Theron	Sunbirdsingel 50, 082 897 9810	Vader oorlede	*Troos en bemoediging*
Colett Muller en kinders	Brusselstraat 1, 021 975 2681	Man oorlede	*Troos en bemoediging*
Sonja Jacobs en gesin	Mimosastr. 22, 021 976 0850	Moeder oorlede (Marie Markram)	*Troos en bemoediging*
Johan Haasbroek	Vierlandenstr. 24, 021 976 0425	Kanker diagnose /beroerte	*Herstel en bemoediging*
Sarel Engelbrecht	La Gratitude 52, 021 975 4780	Hartomleiding	*Herstel en bemoediging*
Auret Vorster	Murraystraat, 021 975 4798	Hartomleiding	*Herstel en bemoediging*
Juliana Snyman	Hibiscuspark 11, 021 975 3801	Operasie	*Herstel en bemoediging*
Lorna Gonin	La Gratitude 1, 021 976 9578	Broer oorlede	*Troos en bemoediging*
Willem en Marietjie Mostert	Bishopsingel 6, 021 975 9558	Willem se ma oorlede	*Troos en bemoediging*
Johann Giliomee	Rieslingstraat 35	Mediese behandeling	*Dank vir beterskap*
Hercules Stander	Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193	Mediese behandeling	*Herstel en bemoediging*
Jan Verwey	Villa Cortona 33, 021 975 0383	Kanker behandeling / gaan agteruit	*Troos en bemoediging*
Kaitlyn Bauer (6 jarige)	Cannesstraat 17, 021 976 6214	Mediese behandeling	*Herstel en bemoediging*
Johan Louw	Crownsingel 6, 021 976 3581	Mediese behandeling	*Troos en bemoediging*
Hans Human	La Gratitude 13, 021 976 8485	Mediese behandeling	*Herstel en bemoediging*
Alida Nel	La Gratitude 25, 021 975 4454	Operasie	*Dank vir beterskap*
Hester Hayes	Annie Stark Homes, 082 528 8599	Kanker diagnose	*Genesing en bemoediging*
Hanno Fourie	Joostenbergweg 1, 082 822 1531	Mediese behandeling	*Genesing en bemoediging*
Sarie Bredekamp	Botterblomstr. 110, 021 975 3330	Mediese behandeling	*Troos en bemoediging*
John en Marietjie Kruger	Sabelsingel 1, 021 976 4883	Mediese behandeling	*Troos in moeilike tyd*
Bid vir Bergsig kinders wat antwoorde soek op geestelike en emosionele gebiede			
Persone		Met verslawing probleme	*Bevryding, Wysheid, Insig*
Persone in gemeente		Met huislike probleme	*Versoening en geluk*
Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106			

25 Febr: Gebedseminaar

Johan Claassen bied aan.
Dit sal in die formaat van 'n werkswinkel wees waar Johan met mense wat belangstel in gebed gesels oor hoe ons, ons gemeente kan inrig om 'n huis van gebed te wees in plaas daarvan dat gebed net een van baie bedieninge is!

Vir inligting en om te bespreek,
bel Louis Blignault 082 552 1372

Mej Durbanville Plaasfees

Kom wees deel van Mej. Durbanville Plaasfees 17 Maart 2012 by Diemersdal 10:00 –12:00 voor-middag. Inskrywingsvorms beskikbaar by www.bergsigdv.co.za en kry Mej. Durbanville Plaasfees op Facebook.

Daar is alreeds wonderlike pryse, krone en titels om te wen. Ouderdomsgroepe sal bepaal word na aanleiding van aantal inskry-wings. Enige Dame tussen die ouderdom van 4-25 kan deelneem. *(organiseerders sal kategorieë billik* hou ten opsigte van ou-derdomsgapings)

Bel Nadia 073 814 6437 vir navrae.

Baie dankie Erhard Louw vir die leen van jou trekker verlede Sondag

Senior Jeugbediening

Die Senior Jeugbediening het 'n GROOT behoefte aan groepleiers. Die groepe se gemiddelde getalle op die stadium is 16 tieners per groep. Ons het regtig mense nodig wat 'n passie vir jongmense het om ons te kom help met die tieners se geestelike versorging.
Asb. bel Arno 082 569 0000.

Jong Volwasse byeenkoms

23 Februarie om **19:00** in binnehof by kerksentrum.

Spreker: Lana Potgieter

Raak deel van 'n lekker groep vriende.

Navrae: Ilze Lammers 072 623 1976,
ilze.lammers@gmail.com

Almal baie welkom om die aand te geniet.

TGIF BERGSIG 5-DAG BERGFIETSTOER (KAROO TRAP) MAART 2012

16 Bergfietsryers beplan om 'n sirkelroete van Montagu via Anysberg en Seweweekspoort tussen 21-25 Maart 2012 af te ry ten bate van **THE BOUNDARIES NEIGHBOURHOOD WATCH FROM RETREAT SE VOEDINGSPROJEK.**
Die totale afstand van die sirkelroete is 475km. U finansiële bydrae sal waardeer word. Enige finansiële bydraes kan in die volgende rekening inbetaal word:

Naam: NG Kerk Durbanville-Bergsig
ABSA tak: 334 810
Rekeningnommer: 141 059 0154
Verwysing: MTB Toer

Vir meer besonderhede kontak:
Ben le Roux: 084 364 7342
Eric Swanepoel: 082 319 5153